

Gereformeerde Kerk Bellville – 1 November 2015 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 27:4, 5 (p. 127)

- 4 My hart sê my, omring deur donkerhede: / “O soek die HEER, die bron van lig en krag.”
Ek soek u aangesig in my gebede; / verberg dit nie wanneer ek op U wag.
Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER, / die glans van u genade nooit ontbeer.
U is my hulp, die God van heil op wie / ek vas vertrou – begeef, verlaat my nie!
- 5 Verlate ’s ek van vader en van moeder; / tog weet ek dit: die HERE neem my aan.
U is, o HEER, my Vader en Behoeder, / wat my wil leer om op u weg te gaan.
Wil my dan langs die regte paaie voer, / omdat verspieders op my gange loer.
Verlos my van ’n wrede teenparty, / en wil my van die valse tong bevry.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 136:1, 2, 3, 20 (p. 660)

- 1 Loof die HEER met blye klank, / loof sy Naam, bewys Hom dank;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!
- 2 Loof die hoogste God en HEER, / wat alle aardse mag regeer;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!
- 3 Loof die God wat onbeperk / wonders in sy almag werk;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!
- 20 Loof die God, die Hemelheer, / allerhoogste in mag en eer;
want sy goedertierenheid / sal bestaan in ewigheid!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 142:1, 3, 4 (p. 686)

- 1 Ek roep tot God met groot geluid; / ek stort my klag soos water uit;
ek klaag my node in Gods oor, / want Hy sal my gebed verhoor.
- 3 Na regs wend ek my oë – en / daar’s niemand wat my nou wil ken;
Daar’s nou vir my geen toevlug meer, / en niemand sorg vir my, o HEER!
- 4 Wat dan? Ek wend my tot U heen; / U is my skuilplek, U alleen.
U is, so lank ek leef, my deel, / dié God aan wie ek my beveel.

Gebed

Psalm 23:1, 2 (p. 107)

- 1 Net soos ’n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 2 En is ek soos ’n skaap in doodsgehare, / wat in die velde as ’n prooi van wolwe gaan,
en moet ek in die doodsval, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan –
dan nog ken ek geen doodsrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.

Skriflesing: Job 2:11-3:23; 4:1-10; 8:10-22; 13:13-15

Kernverse: Job 3:23; 8:13-14; 13:13-15

Waarom gee Hy lig aan 'n man wie se weg verborge is, 'n man wat deur God aan alle kante ingesluit is? (Job 3:23 AFR53)

So gaan dit met almal wat God vergeet, en so vergaan die verwagting van die goddelose; sy hoop is afgesny en die voorwerp van sy vertroue is 'n spinnerak. (Job 8:13-14 AFR53)

Laat my met rus; dan wil ek spreek; laat dan oor my kom wat wil. Waarom sou ek my vlees in my tande neem en my lewe neerlê in my hand? Kyk, al wil Hy my ombring — ek hoop op Hom; ek sal tog my wandel voor sy aangesig bepleit. (Job 13:13-15 (AFR53))

Tema: In jou worsteling met waarom-vrae, kyk op – met hoop!

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, twee weke gelede het die Here ons die voorreg gegun om 'n kyk agter die skerms te kry oor wat met Job gebeur het. Job self het nie hierdie voorreg gehad nie. Maar hoewel hy nie agter die skerms kon sien om te verstaan waarom hy soveel swaarkry en ellende moes beleef nie, het hy steeds in die geloof aan God vasgegryp. Al verstaan hy nie die Here se bedoeling met al hierdie afgryslieke dinge nie, het hy deur die Heilige Gees se werking God nie gelos nie. Hy het steeds die Here aanbid en sy Naam geprys. En mettertyd het hy ook daarby berus dat die Here almagtig en vrymagtig is. Hy kan enigiets doen en Hy doen dit ten goede vir sy skepping en sy skepsels.

Nadat die Satan Job ook met die pynlike swere van sy kop tot sy tone getref het, hoor ons nie weer van hom in die boek Job nie. Sy aanklag teen Job het glad nie waar geword nie, want Job gebruik nie sy geloof vir sy eie voordeel nie; hy leef sy geloof uit. Job dien die Here omdat Hy God is. Deur die Here se genade ken Job die Here as die genadige en barmhartige God, daarom kon hy ook so onwrikbaar in die geloof aan God vasgryp.

Nou kom die vraag by 'n mens op: Is hierdie reaksie van Job die enigste toelaatbare reaksie wanneer 'n mens ly? Kyk ons egter na ons eie optrede wanneer ons sonder enige rede verontreg word of wanneer ons met swaarkry getref word, moet ons eerlik erken dat ons reaksies heeltemal van Job se aanvanklike reaksies verskil. By verontregting kook ons feitlik onmiddellik van opstand en woede oor. En as hierdie opstand en woede klaarblyklik geen uitwerking het nie, kom daar wanhoop en vrees by 'n mens op wat vermeng is met 'n gevoel dat jy niks beteken nie. En as dit eers so ver gegaan het, staan 'n mens op die randjie van depressie, as depressie nie reeds sy donker wolk van uitsigloosheid oor 'n mens uitgesprei het nie.

Is hierdie reaksies wat ons dan in die meeste gevalle het, verkeerd en sonde? Broers, susters en kinders, die Here ons God ken vir jou en vir my. Hy weet dat ons, alhoewel ons gelowiges is, steeds mense is met swakhede en tekortkomings. Daarom laat die Here ons ook verder sien wat Hy in die lewe van Job doen. Ons moenie dink dat Job se menswees net sover as sy hartseer en droefheid gegaan het nie. Hy het ook met waarom-vrae geworstel. Hy het selfs skokkende dinge gesê. En as die Here ons verder met die lewe van Job gaan onderrig, wys Hy ons ook wat ons in die worsteling met waarom-vrae moet doen. Daarom het die Here nie by die pynlike swere met Job opgehou nie. Hy beproef hom verder met sy drie vriende wat daar opgedaag het.

Elifas, Bildad en Sofar het in alle eerlikheid en opregtheid na Job toe gegaan. Hulle het saam met hom gerou oor die verliese wat hy gely het. Hulle het hulle klere geskeur, stof in die lug en op hulle koppe gegooi en hardop saam met hom gehuil. Hulle is saam met Job hartseer en verslae oor wat hom oorgekom het. Gedurende die sewe dae en sewe nagte wat hulle so in stilte by Job gesit het, het dit ook by hulle begin woel: Waarom is Job so met swaarkry getref?

Iemand wat nie die ware geloof in God het nie, vir so 'n mens is die swaarkry die gevolg van die een of ander oorsaak. So 'n mens sal ook sê dat dit net 'n ongelukkige sameloop van omstandighede is. Vir die gelowige soos Job kan dit nie net 'n ongelukkige sameloop van omstandighede wees nie. Swaarkry kom ook uit God se hand. Juis omdat die gelowige dit weet en omdat hy die Here as 'n regverdige en genadige God ken, raak dit vir hom 'n probleem. Die gelowige het nie met God 'n probleem nie maar met sy eie geloof in God. Het ek dan 'n verkeerde beeld van God vir myself in my geloof gevorm, want wat nou gebeur, pas dan nie in my geloofsperspektief in nie.

Maar voordat Job vrae oor sy geloof stel, begin hy met homself. Die stilte van sewe dae en sewe nagte het vir Job te veel geword. Hy bars los met 'n worsteling oor die sin van sy eie bestaan. Daarom begin hy om sy geboortedag te verwens. Dit is 'n dag wat nooit eers moes aangebreek het nie. Die dag moes eintlik heeltemal van die almanak geskrap word. As daardie dag nie aangebreek het nie, sou Job darem nie al hierdie swaarkry gely het nie.

Nou het sy geboortedag tog aangebreek. Hy het in hierdie wêreld aangekom; dit kan nie meer gekeer word nie, maar ... Waarom was ek nie sommer doodgebore nie? Waarom moes daar hande wees wat my gevang en versorg het sodat ek in die lewe gebly het? Dan kon ek nou rustig in die graf gelê het waar niks my kon pla en hinder nie. Waarom, waarom, o God, het U die lewenslig aan 'n man gegee wat vir hom geen pad vorentoe sien nie, 'n man wat deur God aan alle kante ingesluit is? Vir Job het sy lewe nie meer sin en betekenis nie, want daar is dan geen toekoms nie. God sluit hom so aan alle kant in dat hy eintlik van die toekoms afgesny voel.

Wanhoop hou Job se gedagtes en hart gevange. Depressie is besig om die oorhand te kry, want hy is in 'n strik – God se strik. Soms voel ons ook so. Daar kom tye en dae in 'n mens se lewe dat dit wil lyk of niks reg wil verloop nie. Die een ongeluk op die ander storm op jou af, en dit lyk asof daar geen einde is nie. Dan stort 'n mens se uitkyk op die lewe ook in duie. Die toekoms is vir jou dan van nul en gener waarde nie, want jy sien vir jouself geen toekoms nie. Jou gedagtes word gevange gehou deur wat met jou gebeur het; jy voel jouself in 'n strik gevang. En hoe meer jy nadink oor wat met jou gebeur het, hoe meer wanhopig raak jy totdat dit later donkerswart om jou is.

Het die Satan nou teen die Here gewen? Gaan Job die Here nou vervloek? Nee, met al sy waarom-vrae het Job nie vir God, homself of iemand anders vervloek nie. Hy het wel sy geboortedag vervloek, maar hy het God nie laat los nie. Met sy waarom-vrae gaan hy na God toe. Iemand het eenkeer gevra of 'n gelowige regtig mag vra waarom iets so ellendig met hom gebeur het. Op grond van wat die Here ons hier leer, blyk dit dat waarom-vrae nie ongeoorloof vir die gelowige is nie. Maar in jou worsteling met waarom-vrae hou aan God vas.

Kan 'n mens regtig aan God bly vashou as jy so wanhopig voel? Nee, op jou eie gaan jy dit nie regkry nie. Job het dit ook nie op sy eie reggekry nie. Maar omdat hy deur die Heilige Gees se werk God leer ken het as genadig en barmhartig, kon hy vashou. Alhoewel Job

se vriende so gedink het, het God nie vir Job gelos nie. Hy is besig met Job en Job weet dit, al verstaan hy nie nou wat al die ellende tot sy geloofsgroei kan bydra nie.

Tot dusver het die Here ons 'n kyk gegee in die worstelende hart van Job. Miskien het die Heilige Gees met hierdie openbaring onself ook laat kyk na die worsteling in ons eie hart. Nou gaan die Here verder. Job het in sy geloof in God vir homself 'n beeld van God gevorm. Dit is dieselfde beeld van God as wat sy drie vriende ook van God het. En met hierdie beeld van God as fondament begin die drie vriende hulle siening gee van Job se swaarkry. Hoe langer hierdie gesprekke tussen Job en sy vriende gaan duur, hoe hewiger gaan die stryd word om die waarheid agter te kom.

Elifas verwoord die beeld wat hy, Bildad, Sofar en Job ook van God het, naamlik dat God 'n goeie God is. Hy beloon die gelowige met 'n goeie lewe, maar die goddelose laat Hy ten gronde gaan. Luister hoe sê Elifas dit:

Volgens wat ek gesien het: Die wat onreg ploeg en moeite saai, dié maai dit.
(Job 4:8 AFR53)

Met ander woorde: Jy maai wat jy saai. Met hierdie woorde is Elifas-hulle heeltemal reg, want ons lees daarvan ook op ander plekke in die Bybel. Jesus het immers self gesê:

Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. (Matteus 5:3 AFR53)

Toe maak Elifas-hulle 'n fout. Met hulle menslike wysheid draai hulle die algemene reël geheel en al om. So redeneer hulle: As jy onreg en moeilikheid oes, dan het jy onreg en moeilikheid gesaai. As jy swaarkry beleef soos wat dit gewoonlik met die goddelose mense gebeur, dan het jy die een of ander sonde gedoen. Job kry nou bitterlik swaar, en Elifas-hulle is baie jammer vir hom; hulle het hardop saam met hom gehuil, maar die enigste logiese gevolgtrekking waartoe hulle kan kom is dat Job gesondig het. Waarom anders sal die goeie God al hierdie slegte dinge met Job laat gebeur?

Geliefdes, om 'n mens se eie verstaan van God so te gebruik soos wat Elifas-hulle dit doen, is om God in ons raamwerk van God in te dwing. Hulle het 'n bepaalde beeld van God gehad, naamlik dat Hy die gelowiges beloon en die goddelose met swaarkry straf. Van hierdie algemene reël oor God se handeling met mense het hulle 'n swart-en-wit-argument gemaak waarmee hulle alles wat met mense gebeur beoordeel. Daarom sê hulle dat Job gesondig het. Dit is al rede waarom hy nou swaarkry. Elifas-hulle dink nie eers daaraan of God 'n ander bedoeling as straf met hierdie swaarkry van Job het nie. Hulle verstaan nou eenmaal dat God so werk soos hulle dink en dis nou maar klaar.

Dit is egter nie net Elifas-hulle wat so 'n swart-en-wit-beeld van God het nie. Vandag is daar baie Christene wat soos Elifas-hulle redeneer. Hulle sê: Omdat hulle ryk en welvarend is, is die enigste gevolgtrekking vir hulle dat God hulle seën, want Hy beloon mos sy kinders met 'n goeie lewe. Dan vat hulle die argument verder: As jy arm is en al sukkelende en sieklik deur die lewe moet gaan, kan dit slegs een ding beteken – daar is iets verkeerd met jou geloof en jou verhouding met God. Is dit werklik so?

Job sê nee. Hy stem nie saam met sy vriende se argument nie. Hy weet ook van die algemene reël waarvolgens God die gelowiges beloon en die goddeloses straf. Hy weet self dat jy oes wat jy saai. Maar nie een van hierdie drie manne kan vir hom sê wat hy verkeerd gedoen het nie. Hulle kan nie vir Job sê wat hy verkeerd gedoen het nie, want hulle staar hulle blind teen hulle eie beeld wat hulle van God het. Swaarkry het vir hulle net een oorsaak en dit is sonde.

Die vriende sit die pot heeltemal mis wanneer hulle probeer om Job se waarom-vrae te beantwoord. Daarom bly Job steeds daarmee worstel net om te verstaan wat God se wil met die swaarkry is. Job is in sy hart daarvan oortuig dat dit nie oor die een of ander sonde is dat hy so swaarkry nie. Die swaarkry is nie straf nie. Om dié rede gaan Job voort om sy waarom-vrae aan God te stel. Aan die einde van elke antwoord wat Job op sy vriende se redenasies gee, keer Job terug na God met die waarom-vrae.

Geliefdes, ons moet vir onself oor die verband tussen sonde en teëspoed duidelikheid kry. Alle teëspoed of swaarkry is nie noodwendig die gevolg van sonde nie. Ja, dit is so en die Here waarsku ons ook baie duidelik in die Bybel dat Hy die sonde sal straf. Maar omdat die Here juis vrymagtig is, gebruik Hy ook swaarkry om ander redes. Die Christene aan wie die Hebreërbrief geskryf is, het swaargekry, maar daarmee het die Here hulle laat deel kry aan sy heiligheid. Die blindgebore jongman van Johannes 9 is van geboorte af blind sodat God se magtige werke juis in hom tot openbaring kon kom. Die apostels het ook swaar gely onder die Jode se hand omdat hulle die evangelie verkondig het, maar dit het juis tot groter heerlijkheid van God gelei. Ongelowiges het gelowig geword deels omdat hulle gesien het hoe mense ter wille van Christus ly. Laat ons daarom nie soos Elifas-hulle redeneer wanneer ons iemand anders sien swaarkry of as onself swaarkry nie.

Dit is wanneer Bildad die goddelose mense met riet en vleigras vergelyk dat daar vir Job 'n ontdekking kom. Riete en vleigras kan nie sonder water lewe nie. Dit is skaars afgesny dan verdroog dit vinniger as enige ander soort gras. So is dit ook met die goddelose mens. Hy vergeet God, hy vergeet die bron van sy lewe. Daarom kom sy verwagting tot niks nie, want hy het niks waarop hy kan hoop nie. En dit waarop hy buitendien sy hoop stel, is soos 'n spinnerak wanneer iemand dink om homself daaraan uit die put van ellende uit op te trek. Vir die goddelose mens beteken dit slegs een ding – sy hoop is geheel en al afgesny.

Die ontdekking wat Job op grond van hierdie woorde van Bildad maak, is dat hy te midde van al hierdie swaarkry wat hy ly nie van God afgesny is nie. Ja, dit is so dat hy nie verstaan wat die Here se bedoeling vir hom met hierdie swaarkry is nie. Maar een ding weet hy: die swaarkry beteken nie dat die Here vir Job van Hom afgesny het nie. Job ken immers die Here as 'n betroubare God wat omsien na sy kinders, want so het die Here Homself al lank reeds aan Job bekend gemaak.

Juis deur hierdie herinnering van die Heilige Gees aan God se betroubaarheid laat by Job die saadjie van hoop ontkiem. Hy wil nie graag sy saak verder met sy vriende bepleit nie, want hulle kyk met oogklappe na sy lewe. Daarom maan hy hulle om eerder stil te bly, want waarom sal hy waag om sy lewe nog verder in sy hande te neem. As hy nog langer met hulle oogklapredenasies gaan besig bly, gaan hy miskien wel iets verkeerd sê.

Daarom, al wil God hom dan nou ook om die lewe bring met al hierdie swaarkry, sal hy steeds sy hoop op God stel. Hy is immers die regverdige en betroubare God. Job sal sy lewensweg tog by die Here bepleit omdat die hoop in hom wakker gemaak is.

Geliefdes, tot dusver het die swaarkry in Job se lewe dan hierdie uitwerking gehad: Sy worsteling met die waarom-vrae het hom met hoop na God laat opkyk. Dit is van hierdie uitwerking waarvan Paulus ook baie jare later aan die gelowiges in Rome skryf wanneer hy sê:

Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof

kweek hoop; en die hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.
(Romeine 5:3-5 AFR83)

Die swaarkry in Job se lewe het die sekerheid van God se goedheid vir hom versterk. Hy is nie van God afgesny nie. Daarom kon hy bly volhard in sy geloof in die goeie God wat hy lankal ken. En deur die geloof in God het die Here ook by hom die saadjie geplant om te hoop; dit is om geduldig te wag en te vertrou dat God tog sy saak sal besleg soos dit vir Job die beste is, want God weet die beste vir sy kinders.

Ons worstel vandag steeds baie keer met waarom-vrae. Soos Job kan en behoort ons ook ons waarom-vrae na God te bring. Ons het egter 'n groter voorreg en ryker kennis van God as wat Job gehad het. Die Heilige Gees herinner ons uit die Woord daaraan dat Christus ook ons waarom-vrae op sy lippe geneem het toe Hy in werklike Godverlatenheid gevra het: My God, my God, waarom ...? Vra maar jou waarom-vrae; vra dit vir God in die wete dat sy eie Seun ook daardie waarom-vraag van jou gevra het.

Dit is deur die herinnering aan die kruis van Jesus Christus dat die Heilige Gees ook lewende hoop in ons harte opwek. Deur die kruisiging en opstanding van Christus het God aan ons die nuwe lewe in Christus gegee. Dit is om kinders van God te wees wat in die Vader, Seun en Heilige Gees glo. Hierdie geloof wat ons van God ontvang en waardeur ons ons kindskap ons eie maak, sluit ook hoop in. Om te hoop is nie om met geboë skouers te sê jy wens God sal tog aan jou genade bewys nie. So 'n soort hoop is leweloos en werk niks nie. Nee, die hoop waarvan die Here ons in die boek Job leer, is om verseker te weet en te vertrou dat God aan jou genade sal bewys. Dit is 'n lewende hoop omdat dit in Christus Jesus deur die geloof wat God gee gevestig is. Niks kan hierdie hoop van 'n mens af wegneem nie. Laat ons daarom in ons worsteling met ons waarom-vrae na God toe gaan en met hoop opkyk! Hy is die regverdige en betroubare God wat omsien na sy kinders.

Amen!

Slotgebed

Psalm 42:4, 5, 7 (p. 215)

- 4 'k Dink aan God in donker dae / uit die land van die Jordaan;
Hermon hoor my kerme^{en} klae, / met die klein gebergte, aan.
Weedom gryp my binne^{en}aan, / as u water oor my gaan,
as ek, in my smart bedolwe, / wegsink in u watergolwe.
- 5 Maar die HEER sal in my lewe / weer oordag sy guns gebied.
Ook deur donker nag omgewe, / sing ek nog my pelgrimslied.
Ja, ek lofsing in die nag, / want ek bly die HEER verwag;
my gebed sal opwaarts strewwe / na die bronwel van my lewe.
- 7 O my siel, waarom onrustig? / En wat buig jy jou in my?
Waarom in Gods lof onlustig / as dié spotstem jou bestry?
Menigmaal het Hy jou druk / laat verwissel in geluk.
Hoop op God, in Hom weer rustig! / In sy lof sal 'k my verlustig.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Gesang 525

Here, hoe blymoedig / en in dank oorvloedig / maak U my die hart.
U gee ons u seën / soos 'n milde reën; / U vertrou in smart.
Ja, ons weet, ook in ons leed / leef ons onder u genade; / vrees ons nie die kwade.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
1 November 2015